# Afrikaanse Kunsmeubels.

De Volkstem. 1. Maart — 1924.

Hierdie kunsmeubels is stoele wat volgens die tekening van mnr. Gerard Moerdyk, die welbekende argitek, gemaak is vir wyle mnr. Douw van der Merwe se nuwe huis in Park Straat.

Die stoele is vervaardig deur Afrikaanse skrynwerkers, en gemaak van harde Afrikaanse mahoniehout, wat so 'n pragtige polys het dat die hout soos ferweel voel.


Nommer Een is 'n namaaksel van die ou Hollandse stoel waarin, volgens oorlewering, Goeverneur van Nooit gesterf het, en wat nou in die Kaapse Museum te vind is. Dit het 'n sit en leunplek van rotting vlegsel, wat ook hierso gemaak is. Die model is ou Hollands.

Nommer Twee is 'n dikker en stewiger stoel, met die voorletters van mnr. v.d. Merwe en sy vrou as dekorasie op die leunplek. Die model is 'n latere Hollandse stoel, met Spaanse invloed op die styl.

Nommer drie is 'n latere model, met gedraaide pote en rugstanderds, wat in die versiersels die merke van Engelse en Franse invloed bewwys.

Die stoele is algar hier in Transvaal gemaak.





STOELE GEMAAK VIR DIE HUIS VAN WYLE MNR. DOUW v. d. MERWE.

